# HOOFSTUK III.

## SY GESKRIFTE.

Behalwe dat Adamson hom veel in die praktyk van die onderwys beweeg het, het hy ook heelwat van sy gedagtes op skrif geformuleer en hom veral uitgespreek oor logika en die onderwyser, in sy "Teacher's Logic"; oor die wysbegeerte en die opvoeding in "Education in Plato's Republic"; en in sy standaardwerk "The Individual and the Environment" het hy hom besig gehou met die daarstelling van 'n grondslag vir die ontwikkeling van 'n redelike, opvoedkundige teorie van onderwys.

Verder spreek sy bundeltjie "Externals and Essentials in Education" van rype ervaring in die lewe van 'n wysgerige pedagoog. Daarby was hy ook verantwoordelik vir verskeie artikels, toesprake en referate oor onderwysaangeleenthede, sowel as die outeur van al die T.O.D. jaarverslae gedurende sy ampstermyn.

Adamson openbaar ten slotte ook heelwat digterstalent in sy "Songs from the South".

(a) "The Teacher's Logic"

Met hierdie bundeltjie beoog die skrywer die verskaffing van 'n elementêre kennis van die logika wat mag dien dat onderwysprobleme meer wetenskaplik aangepak word, sodat die praktiese lesse in die skool 'n meer wetenskaplike metode mag openbaar. Die vermenging van die beginsels van die logika met die teorie en praktyk van die onderwys word 'n noodsaaklikheid, omdat daar so'n innige verband tussen die twee vakrigtings bestaan, wat die wetenskaplike vereistes, sowel as die logiese prosedure vir alle onderwys, heilsaam begunstig.

In watter opsig kan die logika die onderwys dan dien? Die logika ondersoek die beginsels van die geldige denke, waardeur ons denke so gelei en gerig word dat ons deur die

vorming van voorstellings, die wette van wetenskaplike verskynsels kan verklaar en aldus die grondslag van ons oordeel vorm. In hierdie proses is helderheid en duidelikheid in die gebruik van terme en definisies, sowel as die wetenskaplike analise en klassifikasie van feite en gegewens, onontbeerlike vereistes vir die onderwyser. Daarbenewens is die invloed van die logika op onderwysmetodes van belang, aangesien die induktiewe logika die weg aantoon vir die bereiking van veralgemeende waarhede en onvolledige gevolgtrekkings en die nie-geldige induksie-metodes uitskakel. Die eenvormigheid van 'n natuurwet moet bv. nie slegs verstaan word nie, maar ook gewaardeer kan word.

Geleidelik baan die logika dan vir ons die weg na die wet van uniwersele oorsaaklikheid, sodat selfs die onrype "waaroms" van kinders deur die gebruik van waarneming en eksperiment, deur intelligente voorspelling en sonder vooroordeel, tot verklaring kan kom. Omdat die logika redelik en eksak in sy metodes is, verwyder dit twyfelagtighede in sy prosedures en werkwyses; en waar induksiemetodes, analogie en afleidings omskryf hoe om tot algemene waarhede te geraak, daar lei die deduktiewe logika die praktiese toepassing van hierdie waarhede. D.w.s. dit stel ons instaat om die algemene wette te interpreteer, te verbind en die invloed of gevolg daarvan waar te neem. Waar die induktiewe logika dus die weg tot nuwe waarhede aantoon, daar is dit die taak van die deduktiewe logika om die bekende te verbind, te sistematiseer en te ontwikkel. Dit is dus die deduksie wat ons in staat stel om ons hipoteses te toets, wette en feite te verklaar en die weg na ontdekking te lei. Vakke soos rekene, algebra, meetkunde, sterrekunde, ens., word feitlik geheel-en-al deduktief behandel.

Van die onderwyser word gedurig verwag om te konstateer, teen foutiewe gevolgtrekkings en bewerings te waak, en om gesonde veronderstellings en afleidings te handhaaf; en die verontagsaming van die reëls en prosedures wat die logika voorskryf, sal die roes na die verwatering van werk versnel.

Adamson, as opvoedkundige filosoof, glo aan wetenskaplike grondslae, en hy ag 'n kennis van logika 'n goeie hoeksteen en rigsnoer vir die onderwyser wat sy amp met vernuf, liefde en entoesiasme wil hanteer.

(b) "Education in Plato's Republic".

Die grondslag van Plato se wysgerige teorie word in hierdie werkie deur Adamson gebruik om die opvoeder deur die wetenskaplike feite-wêreld na die gebied van waardes te voer.

In die verwerking van Plato se wysgerige teorie gee hy eers 'n uiteensetting van Plato se wysgerige gedagtes en daaruit maak hy dan die nodige afleidings wat hy nuttig vind vir 'n praktiese toepassing daarvan. In die bespreking van hierdie werkie word Adamson se metode van behandeling behou.

1. Plato se Filosofie.[1)]

Die waarheid bestaan werklik en die mens besit die vermoë om dit te kan ken. Daarom stel hy ondersoek in na die wese en regsgronde van ons kennis. Ons soortbegrippe (idees) bestaan as selfstandige bo-aardse wesenhede wat nie deur sintuiglike waarneming, maar wel deur die denke en herinnering geken kan word. Dis egter nie die vrug van ons denke nie, maar hulle het 'n selfstandige wesenlike bestaan. Die idee het ook nie geword of gegroei nie, maar bestaan onveranderd, onverganklik en ewig as 'n oertipe van die ding-in-werklikheid. Ook is hulle nie eensoortig nie, maar daar is 'n verskeidenheid daarvan, wat beperk is tot natuurprodukte, waardebepalings, wiskundige verbindings, kunsvoortbrengsels, toestande en hoedanighede. Verder is hierdie idees almal aan mekaar verwant

1) Vgl. ook: "Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue" J.Chris.Coetzee, bls. 32-34.

en gerangskik in 'n piramidale vorm van die laagste tot die hoogste vorm. Die hoogste van alle idees wat die toppunt van die piramide vorm, is die idee van die goeie wat 'n mens ook kan sien as goedheid of Godheid. Die idee is die egte, waaragtige werklikheid, bo-sinlik en onveranderd, die uniwersele waarheid.

Hoe skakel die mens nou in met hierdie wysgerige stelling? Vir Plato het die siel van die mens voor die liggaam bestaan en is die mens eintlik 'n siel-en-liggaamwese, waar die liggaam die siel inkerker as gevangene, wat eers met die dood van sy aardse tronk, verlos raak. Eers dán kan die onsterflike siel na sy ware tuiste, die nie-materieële wêreld verhuis, waar dit in sy oorspronklike volmaaktheid kan voortlewe om die "idee van alle dinge" te aanskou.

Tog onderskei Plato 'n hoër onsterflike, en 'n laer sterflike deel in die siel van die mens. Die laere deel daarvan, wat nou met die liggaam verbind is, word weer in 'n edele en 'n minder edele deel verdeel. Die sielelewe bestaan dus eintlik vir Plato uit:

(i) 'n Laagste en sinlike begeerte, gesetel in die ingewande, met name die lewer.

(ii) 'n Hoër en edeler moed, gesetel in die bors, met name die hart.

(iii) Die hoogste en suiwerste, is die denke, gesetel in die hoof.

Om die hoogste idee, die goeie of godheid te verwesenlik, moet die mens hom van die materieële afwend en hom toelê op die verowering van die nie-materieële. Die geluksaligheid is slegs bekombaar as die mens aangedryf word deur liefde tot die goeie, en as dit in die lewe verwesenlik word, volg 'n harmonieuse ontwikkeling. Die middel waardeur dit moet geskied, is die deug, wat bestaan uit die geestelike gesondheid van die mens en die harmonie van sy siel. Nou is

dit vir Plato duidelik dat hierdie vermoë by die meeste mense ontbreek en derhalwe ken hy ook drie soorte mense uit waarvan die eerste groep deur begeerte en die tweede deur moed oorheers word, terwyl by die derde sieleharmonie uitgeleef word. Die drie groepe is dan ook onderskeidelik geld-, eer- en wysheid-liefhebbers.

In ooreenstemming met die drie dele in die siel en die drie groepe mense, onderskei Plato dan nog verder drie hoof deugde, naamlik:

(i) Besonnenheid of selfbeheersing.
(ii) Dapperheid (van die moed).
(iii) Wysheid (van die denke).

Hierdie drie hoofdeugde word dan deur 'n vierde hoofdeug naamlik geregtigheid, saamgevoeg. Hierdie laaste hoofdeug kom nie by die indiwidu tot ontplooiing nie, maar alleen by die staat.

"Geregtigheid in die Staat" is die grondgedagte van Plato se staatkunde. As elkeen volgens aanleg en begaafdheid sy eie werk doen en hom nie op die terrein van 'n ander begewe nie, sal geregtigheid in die staat aangetref word.

In sy **stadstaat** ken hy dan onderskeidelik drie stande uit:

(i) Die werkers, d.w.s. boere en ambagsmanne wat vir die leeftog in die staat sorg.
(ii) Die vegters, d.w.s. soldate en staatsamptenare, wat die staatswette moet handhaaf en die staat verdedig.
(iii) Die regeerders, d.w.s. wysgere, manne van die wetenskap en regente, wat die staat moet regeer.

Die twee hoogste stande, bestaande uit mans en vroue, is die wagters, wat 'n aparte groep vorm, streng van die werkers geskei, en wat sonder private besittings slegs vir die welvaart van die staat leef. Die vryheid van die indiwidu is in hierdie dwangstaat van Plato opgelos, want die staat is in alles die absolute en oppermagtige soewerein. Die kinders behoort aan die staat, word deur die staat op-

gevoeden die huwelik word alleen in die geval van die arbeiders voltrek, aangesien daar vir die wagtersklas gemeenskap van vroue is, om die kweking van die super-menseras in die vooruitsig te stel.[2)]

2. <u>Plato se Opvoedingsdoel</u>.

Plato wil vir 'n tweërlei doel opvoed, naamlik 'n individueële en 'n staatsburgerlike.

(i) Die kind moet, as aristokraat van geboorte en gees, volgens sy aanleg en begaafdheid tot 'n waaragtige kennis van die hoogste goed vir die indiwidu gebring word, naamlik die deug.

(ii) Die hoogste opvoedingsdoel, naamlik die staatsburgerlike, beoog dan die bereiking van die geluksaligheid deur die verwerwing van die deug.

Die indiwidu moet dus vir sowel persoonlike geluksaligheid as vir **sosiale diens**vaardigheid aan die staat, afgerig word. Die klem van sy opvoeding val op karakterontwikkeling, verstandsvorming, professioneelberoepskundige opleiding, kultuur-estetiese ontwikkeling en liggaamskultuur. Dis dan eintlik slegs sy wagtersklas wat werklik deur die opvoeding baat want sy arbeiders ontvang slegs 'n eng en direkte beroepsopleiding. Die opvoeders, wat slegs met normale kinders werk - misvormde en swak kinders word eenvoudig van kant gemaak - is in die begin die moeders en later die wysgere.

Plato organiseer sy onderwys in 'n vyftal afdelings met 'n leergang vir elke groep. As leerstof vir sy opvoedings sisteem word gimnastiek vir die liggaam en musiek vir die gees gebruik.

Adamson het deur sy "Education in Plato's Republic" die opvoedings-sisteem van 'n diep wysgerige denker in 'n nuwe vorm aan ons voorgelê en aangetoon hoe dit ons moderne op-

---

2) Vgl. ook Ibid, bls. 34 - 36.

voedingstelsel kan aanvul en steun, en hy is dankbaar vir die groot les wat Plato ons leer om opvoeding as 'n lewenslange proses te verstaan. In sy kritiese waardering wys Adamson daarop dat:

(i) Die skema redelik is, daar dit op wysgerige grondslae rus.
(ii) Die doel van sy opvoeding die welvaart van sy modelstaat voorop stel.
(iii) Hierdie staatswelvaart op die skepping van 'n volmaakte karakter in die indiwidu berus.
(iv) Die metodes eng en beperk is, hoewel sy opvattings in sake musiek en gimnastiek veel breër as ons huidige opvatting daarvan is.
(v) Sy massas het slegs maar 'n eng en beroepskundige opleiding ondergaan.
(vi) Die opleiding van sy wagters was goed en deeglik.

Adamson het vir ons in hierdie werk die wysbegeerte en die opvoeding weer opnuut in 'n nouer bondgenootskap gebring !

Daarin het hy aangetoon hoe die gedagtes van 'n 2000 jaar oue wysgeer nog 'n wonderlike bron van inspirasie vir die opvoeding van die huidige geslag kan wees. Die gedagtes van Adamson het ook 'n geestesverwantskap met die van Plato vir sy aanpassingsteorie gevind. Plato se mens moet uit die duistere grot van onkunde deur musiek en gimnastiek gelei word, die van Adamson bereik die gebied van waardes deur aanpassing. Wat viral vir ons opvoeding en tyd van belang is, is die klem wat op die gesonde verband tussen liggaamlike en geestelike opvoeding gelê is. Die opgevoede mens moet sowel 'n gesonde liggaam as 'n gesonde gees hê, waaruit karakter, deug, wysheid en goedheid straal. Die eis om hierdie kenmerke weeg by ons dikwels te lig. Geld en kennis is baie keer sterker as die goeie naam en die edele karakter. Adamson het dit vir ons in die gees van Plato op 'n nuwe en waardevolle wyse onder die aandag gebring. 'n Eerlike soektog deur hierdie boekie sal 'n ryke oes van opvoedkundige wins lewer.

(c) "Externals and Essentials".

Adamson, die ervaringsrype pedagoog, bepaal ons aandag in "Externals and Essentials" by die noodsaaklikhede en bykomstighede van die lewe. Dis waarde teen skyn, uiterlike voorkoms teen innerlike sin of deug, wat vir ons in die weegskaal geplaas word. Die mens, sy taak en sy opvoedingseise word in die lig van sy ervaring geweeg.

Die mens is vir hom 'n unieke, uitstralende en waardekennende indiwidualis, wat sy eie aard, as 'n erf- en geboorte reg, lojaal beskerm teen invloede wat hom wil standardiseer en afstomp. Sonder om hierdie reg egter prys te gee, is diens aan die mensdom noodsaaklik, want ons moet skeppers van geluk wees. Om persoonlikheid, patriotisme en geluk uit te bou moet hy geestesaanpassing d.w.s. konsentrasie, beoefen. En dit eis 'n dinamiese ego, wat beveel en gebied, wat sonder vooroordeel kan doen, omdat konsentrasie vir sy totaliteit verantwoordelik is. Aangesien nabootsing, die aanvangsbron van menslike kennis, mettertyd deur selfuiting - die selfstandige eie aard - vervang moet word, is dit noodsaaklik dat konsentrasie 'n lewensgewoonte word.

En wat is die noodsaaklike selfuiting wat die mens pas? "We are centres of spiritual energy. We are borne with urge, horme, elan de vie, the will to live."[3] Hierdie self, dinamies van aard en karakter, moet uitstraal, uitkies en bydra. Die twee fundamentele faktore in die mens is dus selfuiting en nabootsing, d.w.s. indiwidualiteit en sosialiteit. Dit is dan die taak van die opvoeding om nabootsing te laat kwyn en selfuiting te laat groei en in hierdie proses speel leerling, onderwyser, skool en samelewing 'n vername rol. En, ware selfuiting is aktiwiteit !

---

3) Externals and Essentials, J.E.Adamson, bls. 38.

"How dull it is to pause, to make an end,
to rest unburnished, not to shine in use." 4)

In hierdie proses behoort daar egter gesonde afwisseling tussen werk en ontspanning te wees, waarin die vrug van die arbeid 'n groter rol as lone en voorregte speel. Hier raak Adamson 'n snaar waarna 'n ongelukkige wêreld behoort te luister.

Waar Adamson hom uitspreek oor selfuiting in kuns, is egheid, oorspronklikheid, werklikheid en getrouheid vir hom noodsaaklikhede daarvan. Die kunstenaar se werk moet 'n uitdaging verskaf. Die skilderkuns spreek deur die voorstelling, musiek deur melodie en ritme, digkuns deur emosie en waarhede en geselskuns deur die sosialiteit. Vir die ontwikkeling van persoonlike vryheid moet die mens afsien van die bedwelmende, en voedsel put uit die klassieke want die ideale wat die groothede in kunswerke aan ons blootlê, is die ware boustene van die geestelike lewe. Dis egter onnodige bykomstighede om te oordryf, na te boots, te babbel en deur traagheid in bedwelming te lewe, soos die gemiddelde mens van vandag wat te versot is op goedkoop leesstof en rolprent-ontspanning.

In die lewe van die mens moet daar orde, sisteem en metode wees, want dit word hom aangebied in die orde van die natuur, in die samestelling van die beskawing en in die skepping van 'n sedelike bestaan. Sonder die opvoeding, d.w.s. berusting in die oertoestand, bly die mens 'n vreemdeling en bywoner in hierdie drievoudige wêreld, maar Adamson sien vir die mens 'n beter lewe - hy kan 'n vrye en selfstandige eienaar wees ! Om die krag van opvoeding in die vorming van die mens te beklemtoon, vra Adamson dan die vraag: "Is opvoeding noodsaaklik?" In antwoord hierop spreek hy hom uit oor die selfstandigheid van die opvoedkunde as 'n wetenskap en die noodsaaklikheid vir die daarstelling van

4) Ulysses. Tennyson.

'n wetenskaplike opvoedkundige formule.

Die mens, as onrype maar vermoënde wese, word deur die opvoeding gelei, gevorm en gemeet in sy fisiese, geestelike en sedelike bestaan. Dog, omdat die opvoeding nie as 'n selfstandige wetenskap, maar as 'n newe-produk van die wysbegeerte beskou word, is daar gebrek aan 'n algemene vertroubare en juiste waardeskaal d.w.s. daar is geen ooreenstemming oor 'n algemeen geldige prinsiep vir die bepaling van opvoedkundige waardes nie, en hierdie verwarring word nog groter omdat waardes in 'n ontwikkelende wêreld nie vir ewig konstant en staties bly nie.

Derhalwe stel Adamson 'n opvoedkundige formule op: "There are two constituents or factors, a biological conception and a conception of value."[5] Die formule is 'n mengsel wat bestaan uit 'n indiwidu, die omgewing en die gevolglike waarde wat uit hul wisselwerking behoort te ontstaan. Gesamentlik vorm dit 'n kontinue, 'n lewenseenheid, want as waarde kan bestaan dan moet dit sy bron in die gedurige wisselwerking tussen indiwidu en omgewing vind. In hierdie proses behoort òf indiwidu òf omgewing, of beide, vir die ontstaan van waardes verantwoordelik te wees.

Die indiwidu moet as 'n kontinue van drieledigheid gesien word, naamlik die ewolusionêre, die ideale en die goddelike m.a.w. hy is 'n mengsel van die ewolusionêre en die ideale: "You can blend vision with fact, dream with deed, value with evolution."[6]

Is nou die omgewing, bestaande uit natuur en kultuur soos die indiwidu, 'n mengsel van die ewolusionêre en die ideale? Wat die kultuur betref is die antwoord bevestigend, want dis mensgemaak en in kuns, letterkunde en wet is daar gedurige interaksie tussen die werklike en die ideale. Dis

---

5) Ibid, bls. 84.
6) Ibid, bls. 86.

selfs ook die vergaderplek van die vrugte van die ewolusionêre en die ideale faktore, bv. ons tradisies en ambisies! Wat die natuur betref, kan ons tenminste aanneem dat dit die ideale sterk. "Most of us can find in the sunset the light that never was on sea or land."[7]

Die derde element van ons mengsel die <u>ideale</u> of <u>waarde</u> faktor. "Should remain just refinement, just value, just idealism"[8] d.w.s. in die vorm is dit enersyds soos lug, uitstraling, of liefde, wat elke ou hoekie of skeurtjie verlig. Andersyds is dit ontwykend en dinamies. 'n Doel verdwyn sodra dit gegryp en ingekerker word, en waardebepaling, wat op 'n konstante ideaal rus, word 'n stilstaande poel.

Hierdie mengsel met sy drie aspekte van indiwidu, omgewing en waarde, deurdring mekaar wederkerig en gedurig. Ons moet dit as 'n geheel aanvaar, 'n eenheid waarin die samestellende faktore geen eie, afsonderlike sin het nie. Dit kan skilderagtig afgebeeld word as... "a blend of the soul, its setting and its destiny."[9]

Waar hierdie drie elemente dan 'n biologiese geheel, kontinue of lewenseenheid vorm, sal die waarde van die dinamiese saamgesteldheid afhang van die werking en inwerking van opvoeding sodat ons die opvoedkundige formule so kan stel: O = B + W. (O = Opvoeding; B = ewolusionêre aanpassing van indiwidu en omgewing (Biologies) en W = Waarde). En hierdie formule moet ons as volg interpreteer: "Both biological and value factors must be dynamically and not statically conceived. The philosophy of change must be a postulate behind both."[10]

Adamson toon dan met 'n paar praktiese voorbeelde aan

7) Ibid., bls. 91.
8) Ibid., bls. 92.
9) Ibis., bls. 93.
10) Ibid., bls. 98.

hoe die formule en die onderwys aangedurf en toegepas kan word,en hy lei die taak van die opvoeding af, na aanleiding van die skool, studievakke, die lewe en die duursaamheid van die opvoeding.

Die skool moet dus waardes en aanpassing bewerkstellig. Skoolvakke is slegs die vensters waardeur die lig van die omgewing moet instroom. Die lewe moet alsydige ontwikkeling erken en opvoeding behoort geen finaliteit te ken nie.

(d) "The Individual and the Environment".

Aangesien hierdie werk die basis van die verhandeling vorm, sal slegs sy filosofie en die veld van sy ondersoek ons aandag in hierdie hoofstuk geniet.

In "The Individual and the Environment" beoog Adamson die daarstelling van 'n opvatting vir die ontwikkeling van 'n redelike teorie van die opvoedkunde. Hierdie opvatting lê vir hom in die gedagte van aanpassing tussen indiwidu en omgewing.

Aanpassing in opvoeding sluit in 'n indiwidu, sy wêreld, en die proses om hulle met mekaar in verhouding te bring. Die subjektiewe faktor, die indiwidu is vir hom 'n indiwidualistiese sosialis, die produk van die ervaring, getemper deur 'n lewende siel en uniek in sy uitstraling en bydrae.

Die objektiewe faktor, die wêreld, onderskei sig in 'n natuur-, kultuur- en sedelike orde. En soos die indiwidu met sy drieërlei kenmerke 'n eenheid vorm, so vorm sy drievoudige wêreld ook 'n eenheid tussen sy sigbare vorm, sy kultuurtoestand en sy sedelike bestaan. Dit word nou die taak van die opvoeding om as bemiddelaar die indiwidu en wêreld tot wederkerige aanpassing te lei. Aanpassing, die katalisator tussen mens en wêrelde, geskied in die eerste plek deur omvang en kragtigheid - hoe wyer ons ervaring hoe groter die omvang, kragtigheid en intensiteit. Tweedens is dit ook tweeledig van aard want dis 'n geval van gee en neem.

Die mens vorm en word gevorm. Opvoeding is aanpassing: 'n lewe wat jy moet leef.

Om dan tot die drie wêrelde aangepas te raak, moet die natuurwêreld ondersoek, die kultuurwêreld ontdek, en die sedelike orde geskep word. "While the first is the world of birth and death and the second the world of unbroken and progressive life, the third is the world of eternity."[11]

Aanpassing tot aldrie aspekte moet sonder verposing en aanhoudend plaasvind, want opvoeding is sonder finaliteit. Die finale maatstaf is aanpassing tot die drie wêrelde as 'n eenheid.

Die opvoedingsdoel moet rekening hou met die lewe in sy konkrete saamgesteldheid, d.w.s. die doel van opvoeding is die aanpassing van die mens tot die drie ordes of wêrelde. Maar hierdie mens of ego sluit ook 'n dinamiese element in. Ons is nie slegs empiries nie maar ook dinamies van aard.

In die proses waar 'n empiriese en dinamiese mens neem en bydra tot sy omgewing, d.w.s. waar aanpassing plaasvind, het die onderwyser nóg 'n deel nóg 'n plek. Die funksie van die onderwyser in die tweepoligheids-aspek tussen kind en sy wêrelde, is slegs om aanpassing te vergemaklik, maar steeds buite die proses self te bly. Opsommend is sy standpunt:

Die mens se drievoudigheid bestaan daarin dat hy 'n balans handhaaf tussen indiwidualiteit en sosialiteit, en dat hy empiries sowel as dinamies is, en oor 'n unieke persoonlikheid beskik.

Die wêreld se drievoudigheid omvat 'n gegewe natuurorde wat ondersoek vereis, 'n mensgemaakte kultuur-orde wat ontdek moet word en 'n morele orde - 'n wêreld van waardes - wat deur eie skepping gehandhaaf word.

---

11) The Individual and the Environment, J.E.Adamson,bls.15.

Die opvoeding moet hierdie mens se aanpassing tot daardie wêrelde bewerkstellig; en aanpassing openbaar groter kragtigheid en intensiteit namate die ervaring groei, terwyl die onderlinge intersaksie van subjek en objek 'n wederkerige proses van inname en bydrae bewerkstellig.

Die einddoel van die opvoeding, d.w.s. die finale maatstaf, is dan die aanpassing van die hele mens ~~tot~~ aan die drie wêrelde as 'n eenheid. Die plek van die onderwyser is buite die subjek-objek pool en sy funksie is slegs die bemiddeling of vergemakliking van die aanpassingsproses.

(e) Dr. J.E.Adamson se Toesprake, Rapporte en sy "Education For a Brave New World"

1. Sy Toesprake.

Dit sou onmoontlik wees om selfs 'n beknopte weergawe van hierdie redes, in 'n verhandeling soos hierdie te gee. As 'n algemene opmerking sou ek egter daarop wys dat dr. Adamson sy vinger op die hele polsslag van die onderwys gehad het. Die veld, wat hy gedurende sy ampstermyn gedek het, blyk duidelik uit 'n analise van die onderwerpe waaroor hy hom by professionele en ander geleenthede uitgespreek het.

As opvoedkundige wysgeer het hy steeds gepoog om ons Transvaalse Onderwysstelsel op 'n wysgerig-wetenskaplike grondslag te baseer. Daarby het hy egter gedurig aangetoon wat die praktiese eise is wat die samelewing aan die onderwyser gestel het, en die organisasie van sy onderwys toon dat hy hiervoor nie doof was nie. Uit die middele tot sy beskikking wou hy die land van die bes-moontlik-toegeruste burgers voorsien binne die finansiële draagkrag van die Provinsie. In hierdie proses was die sertifisering, besoldiging en die diensvoorwaardes van onderwysers vir hom 'n belangrike saak. Die kind moes alles kry om van hom 'n welopgevoede burger te maak en daarvoor het hy bekwame en goed-opgeleide onderwysers nodig gehad. Waar die skool vir

Adamson buite die politieke strydperk moes staan, het hy sterk gehoop om samewerking tussen die onderwysersverenigings te kry, sowel as rassesamewerking tussen die kinders op skool. Lojaliteit aan die Ryk van die Gemenebes van Nasios het hy as 'n voorreg beskou en enige partydige rassevetes het steeds onder sy tong deurgeloop. Dat hy die sake anders gesien het as die inheemse nasionalis, behoort ook vir ons verstaanbaar te wees. Maar juis daarom kan ons sy tegemoetkomende houding t.o.v. taalkwessies, politieke beroerings, die onderwysprofessie en die algemene belang van die kind soveel te meer waardeer. Die onderwysgeskiedenis van die Transvaal kon heel anders gewees het as ons 'n kleiner opvoedkundige, 'n swakker Administrateur, 'n koppiger geleerde en 'n engersiende Direkteur gehad het. Omdat onderwys vir hom mensvorming was, was dit altoos vir hom moontlik om die ideaal van opvoeding te laat seëvier.

Hoe die teenkanting en die aspirasies van die Nasionale Afrikanerdom bygedra het om 'n gesonde ewewig te handhaaf, val nie in die bestek van hierdie bespreking nie.

2. Sy Jaarrapporte.

"Sy jaarverslae van 1905 tot 1923 is meer as net offisiële blouboeke; hulle is vol originele gedagtes.[12]"

Sonder om volledig hierop in te gaan, sou ek graag verwys na sy eerste jaarverslag (1906), waar hy in sewe hoofstukke aantoon dat hy reeds 'n deeglike kennis van die onderwystoestande in die Transvaal besit. Die daaropvolgende jaarverslae getuig van 'n grondige insig in sake rakende al die verskillende aspekte van die opvoeding. In hierdie verslae het hy gewoonlik die een of ander beleidsaak aan 'n deeglike ondersoek onderwerp. Hy spreek hom besonder duidelik uit oor onderwyswetgewing, taal-ordonnansies, leerplan-

---

12) Onderwys in Transvaal, J.Chris.Coetzee, bls.169.

vereistes, organisasie aangeleenthede, die inrigting van onderwys en is veral wakker omtrent die opleiding van onderwysers. Dat hy in hierdie jaarverslae nie slegs 'n statistiese opgawe verstrek het nie, maar ook steeds die koers en rigting van die onderwys aangetoon het, ly geen twyfel nie.

3. "Education for a Brave New World"[13)]

Vir watter soort wêreld ons nou ookal opvoed, bly opvoeding 'n lewenslange taak. Deur onderwys in te deel in laer, sekondêre en universitêre stadiums, maak ons slegs 'n kunsmatige skeiding want die mens moet hom vir die lewe, in die skool van die lewe voorberei. Opvoeding en lewe is so te sê terme van gelyke betekenis. Aan afrigting is daar geen einde solank ons lewe nie, en in die proses van aanpassing leef daar dinamiese vormkrag in subjek sowel as objek, in die mens sowel as in die omgewing. Hierdie omgewing - die objektiewe punt - bestaan uit 'n gegewe natuurorde en 'n mensgemaakte beskawingsorde. Dis 'n mengsel. Nou mag ons op hierdie en dan op daardie element van die mengsel nadruk lê: Deur die wetenskappe raak ons die natuurorde; deur geskiedenis handel of ekonomie ontgin ons die beskawingsorde, en deur aardrykskunde of kuns råak ons beide ordes. Ons moet die wêreld deur die mens sien.

Die indiwidu - die subjektiewe punt - beskik oor uniekheid, en eie-aardigheid in uitstraling. Mense verskil van mekaar. Ons neiging om na te boots is dikwels die gevolg van ons eie traagheid. Daarom kan mense ons so maklik verlei. Ons dink nie vir onsself nie en sommige mense bly nabootsers solank hul lewe. Enige mens behoort tog op een of ander tyd 'n eie geluid te maak; maar ons word deur ewewig aan die slaap gesus en so word ons slawe van omgewingsgebruike.

---

13) Ongepubliseerde artikel.

Hoe kom ons hiervan los? Deur opvoeding. Die mens moet optree in die aanpassingsproses. Deur selfopvoeding moet ons die waarheid of feit met ons eie brandmerk versier. Daarna moet ons ook bereid wees om 'n feit in terme van sy baie verhoudings en implikasies te sien. Ons moet die noodsaaklike agter die uiterlike raaksien. "We can by virtue of the radiating power or our individuality be explorers and critics and not passive spectators."[14] Dog, in die aanpassingsproses moet ons nie slegs op die mens nadruk lê nie, maar ook op waarde-bepaling. Die mens is ook 'n kenner van, en 'n beoordelaar oor waardes. In die wording van die mens was die ontstaan van lewe en die verkryging van 'n gees, 'n intellek, 'n uitstaande wonder, dog daar is 'n derde wonder: "It is the moment when mind added to the appreciation of fact, the appreciation of value."[15] Die mens is dus nie slegs net 'n lewende self nie maar ook 'n selfstandige self - 'n kenner van waardes. Hy pas ook nie net aan nie, maar die aanpassing gaan gepaard met en geskied op 'n basis van waardekenning. Dit verhef hom bo die plant of dier. Hy is nie slegs uniek en uitstralend nie maar ook waardekennende mens, en dit is lewe in sy ideale vorm.

Dit toon ons dan ook die gevare van misplaaste waarde te heg aan sport, staatsideologieë en nasionale volksambisies. Daardeur word vryheid van denke en doen dikwels aan bande gelê

Ons sal dus nie slegs teen die afwesigheid van waardes of foutiewe beklemtoning van waarde moet waak nie, maar ook voorsiening moet maak vir die regte soort waardes in ons studie-kursusse. Die twee wêrelde van die natuur en die mens moet met mekaar vervleg word, deur 'n regmatige plek toe te ken aan die humaniteitsvakke. Daarby stel hy ook die vraag

---

14) Education for a Brave New World, J.E.Adamson, bls.3.
15) Ibid., bls. 4.

of daar nie ook 'n plek aan skoonheid en geluk gegun moet word nie.

Tot dusver het hy die klem op indiwidualiteit gelê - 'n indiwidualiteit tot naastediens. En die verdere roepstem? Saamstaan in die stryd om die verkryging van werklike waardes. Om 'n selfstandige volk in Suid-Afrika te smee, moet ons die twisgebied van biologiese of eensydige rassevetes verlaat en die terrein van ideale eenstemmigheid betree in die wording van 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie.

4. "Songs from the South".

Hierdie bundeltjie gedigte is nie juis van opvoedkundige belang vir hierdie verhandeling nie, tog moet dit hier genoem word om Adamson se veelsydigheid aan te toon. Die wysgeer is nie slegs liefhebber nie, maar ook skrywer van gedigte. 'n Analise van die gedagtes in hierdie verse toon insig, lewenswysheid en 'n wysgerige gedagtegang.

Om hierdie bespreking dan af te sluit, wil ons net daarop wys dat Adamson se werke ryk is aan oorspronklike gedagtes en dat dit veral kenmerkend van hom is dat hy steeds volgens wysgerige en opvoedkundige grondslae geredeneer het. Ons mag met sy opvattings verskil, of sy koers kritiseer, dog ons sal hom nooit van planloosheid kan beskuldig nie. Hy het tenminste aangetoon waar hy sy mens heen wil stuur. Die grondslae van sy rigting het hy met bekwame, alsydige en heldere beredenering aangetoon en daarby het hy 'n smaak openbaar om die standpunt van andersdenkendes te waardeer. Baie van sy opvoedkundige idees word in ons dag nog in die praktyk gestel en beoefen, soos bv. o.a. die skeiding tussen primêre en middelbare onderwys na Std.V, die skoolplaas-idee en die gedagte van betere onderwysfasiliteite vir die massa, soos behels in die huidige junior hoërskool. Vir wie dit moontlik is om sy opvoedkundige gedagtes objektief te ondersoek, wag 'n ryke beloning.